



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Parashah 10: *Miketz* (מִקֶּטֶץ) – Aan die Einde

Ná verloop van twee volle jare het Farao gedroom dat hy by die Nyl staan. Gen. 41:1

Torah : Gen. 41:1 tot 44:17

Haftorah: 1 Kon. 3:15 tot 4:1

Hernieude Verbond: Matt. 7:2; Luk. 4:16 tot 31

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 10 wat afgelaai kan word by: [Parashah10Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info

Opportunity may knock only once, but temptation leans on the doorbell – Anonymous

We have heard of many people who trusted God too little, but have you ever heard of anyone who trusted Him too much? – Hudson Taylor.

Midrash (Torah Bespreking)

Die lewe van Josef, en al die gebeure wat verband hou met sy lewe, is nie net geskiedkundige feite nie, maar ook profeties van die hede en van die toekoms. Indien ons in die lig hiervan na hierdie week se parashah kyk, dan bevat dit belangrike profetiese inhoud wat verband hou met die huidige, asook met die toekoms.

Die naam van ons parashah is die Hebreeuse woord *miketz* wat ook vertaal kan word as *teen die einde* of *aan die einde*. Daarom kan ons Gen. 41:1 ook soos volg lees: *Teen (Aan) die einde van twee volle jare het Farao gedroom dat hy by die Nyl staan.* Hierdie twee jaar verwys na die twee jaar wat verloop het sedert Josef die drome van beide die voorman van die bakkers en die voorman van die skinkers uitgelê het en Josef se versoek aan die voorman van die skinkers om namens hom guns by Farao te vra (Gen. 40:14), vergete gebly het. Maar Josef was reeds tien jaar in die gevangenis voordat hy die drome van die voorman van die bakkers en die voorman van die skinkers verklaar het! Josef was dus altesaam twaalf jaar in die gevangenis!

Ons het te doen met die getal twaalf, wat in hierdie geval saamgestel is uit tien plus twee. Wat is die moontlike profetiese betekenis hiervan, veral in die lig gesien dat Josef 'n sinnebeeld van Yeshua Messias is?

Eerstens verwys *miketz* nie net na die drome wat Farao aan die einde van Josef se laaste twee jaar in die gevangenis gehad het nie, maar verwys dit ook na dit wat aan die einde van die

huidige twee duisend jaar van die Messiaanse tydperk sal gebeur. Onthou wat ons reeds geleer het, naamlik dat die einde word deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9 en 10). Dit verwys dus na die boek van Openbaringe en dus die eindtyd gebeure voor die wederkoms van Yeshua.

Tweedens is die twaalf jaar wat Josef in die gevangenis was 'n sinnebeeld van Yeshua wat vir al twaalf die stamme van Israel gely het. Yeshua het 'n folterdood gesterf en uit die dood opgestaan tot redding van Israel – al twaalf stamme!

... en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend. Rom. 11:26 (Verwysend na Jes. 59:20 en 21).

Derdens is die twee jaar in die gevangenis ook 'n heenwysing na die opstanding van Yeshua, naamlik na dit wat na twee dae in die graf op die derde dag gebeur het, soos wat Hos. 6:2 dit beskryf:

Hy sal ons ná twee dae lewend maak, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe.

Die profeet verwys na twee dae in die graf waarna nuwe lewe gegee sal word en die derde dag van opstanding as die begin van 'n nuwe ('wedergebore') lewe. Ons weet dat Yeshua is die opstanding en die lewe (Joh. 11:25)!

Hierdie profesie deur Hosea is 'n duidelike heenwysing na Yeshua, asook na elkeen wat deur vertrou in Yeshua as die Messias saam met Hom gesterf, begrawe en opgestaan het.

Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos Die Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in 'n nuwe lewe kan leef. Rom. 6:4 – PWL¹.

Maar hierdie profesie deur Hosea verwys ook na die opstanding van die dooies in die laaste dag (Joh. 5:28 en 29; Joh. 11:24).

In Gen. 41:14 lees ons: *Toe laat Farao Josef roep, en hulle het hom gou uit die gevangenis uitgehaal.....* In die King James vertaling lees hierdie vers soos volg: *...and they brought him hastily out of the dungeon...* Die Hebreeuse woord vir *dungeon* is *bor* en beteken 'n kuil of 'n put. Dit is Farao wat Josef uit die gevangenis (die kuil) uitgehaal (bevry) het. Ook hier kan ons die ooreenkoms met Yeshua sien! Dit is YHVH-God wat vir Yeshua uit die graf – die kuil van die doderyk – 'uitgehaal' het. Yeshua het nie uit eie krag uit die dood opgestaan nie, maar dit was YHVH wat Hom uit die dood opgewek het. So lees ons dan in Hand. 2:23 en 24 die woorde van Petrus toe hy aangeaande Yeshua gesê het:

hierdie Een, wat in die voorkennis en wil van God, hiérvor tot Hom afgesonder was, wat julle oor gelewer het in die hande van die wetteloses, Hom gekruisig en vermoor het, maar deur God opgewek is en die bande van Sh'ol vernietig het omdat dit nie moontlik was om Hom in Sh'ol gevange te hou nie (PWL).

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetsee by padwlewe@yahoo.com

Dit is ook belangrik om daarop te let dat Josef nie vir Faraó vervang het nie, maar wel die gesag om namens Faraó op te tree. So het Yeshua ook nie Sy Vader vervang nie, maar alle gesag ontvang om namens die Vader op te tree (Matt. 28:18).

Die feit dat die voorman van die skinkers vir twee jaar van Josef se versoek aan hom vergeet het, is ook 'n sinnebeeld van die sowat twee duisend jaar wat die huis van Juda en die meerderheid van die wêreld van Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias 'vergeet' het.

Die twee dae in die profesie deur Hosea is ook profeties van die herstel van die staat van Israel na sowat twee duisend jaar, asook van die terugkeer van die tien 'verlore' stamme van die huis van Josef (Efraim). In Mei 1948 het Israel weer 'n volwaardige staat geword. Soos Josef uit die gevangenis na twee jaar gekom het, net so sal sy nageslag na sowat twee duisend jaar uit die nasies kom om weer in eenheid met Juda deel van Israel te word. Hierdie profesie is besig om vervul te word soos bevestig word deur die jaarlikse toename in getalle van die huis van Juda en veral van die tien 'verlore' stamme (huis van Efraim) wat na Israel terugkeer. Die Messiaanse ontwaking² is ook deel van hierdie profesie wat voor ons oë besig is om vervul te word.

Vierdens is die feit dat Josef na twee jaar deur Faraó aangestel is as tweede in bevel om oor die hele Egipte te heers, 'n sinnebeeld van Yeshua ben Josef (Yeshua die seun van Josef) wat aan die einde van twee duisend jaar, wat begin het na Sy dood en opstanding, oor al die nasies sal regeer in die Millennium (Messias Vredesryk). Yeshua sal dan regeer as Messias (Josef) ben Dawid (Yeshua die seun van Dawid).

VERGIFNIS EN VERSOENING

Die lewe van Josef is 'n sinnebeeld van vergifnis en versoening. Josef het sy broers vergewe vir die onreg wat hulle hom aangedoen het en hy was die middelaar tot versoening in die huishouding van Jakob (Gen. 45:14 en 15). Maar Josef het ook aan sy vader Jakob en sy broers 'n oorvloedige lewe in Egipte voorsien (Gen. 45:18).

Weereens sien ons die ooreenkoms met Yeshua. Alleenlik deur vertroue in Yeshua as die Messias is daar vergifnis vir al ons sonde en is daar versoening met Vader-YHVH (Rom. 3:22, 25, 28 en 30). Yeshua het ook gekom sodat ons oorvloed lewe in hierdie wêreld – in Egipte – kan ondervind. (Joh. 10:10).

Parashah *miketz* is ook profeties ten opsigte van die uiteindelijke herstel van die twee Huise van Israel. Die huis van Juda en die huis van Efraim (Israel, Josef) sal weer versoen word om aan die einde van dae een huis (volk) in die hand van YHVH te wees.

Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê: “Jy, seun van 'n mens, vat vir jouself een stok en skryf daarop: ‘Vir Y’hudah en vir die seuns van Yisra’el, sy bondgenote;’ vat dan 'n ander stok en skryf daarop: ‘Vir Yosef, die stok van Efrayim en die hele huis van Yisra’el, sy bondgenote.’ Sit hulle vir jouself bymekaar, die een by die ander, in een stok sodat hulle een kan word in jou hand. Wanneer die seuns van jou volk met jou praat en sê: ‘Wil jy nie vir ons verklaar wat jy met hierdie dinge bedoel nie?’ Sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Let op, Ek sal die stok van Yosef vat, wat in die hand van Efrayim is en die stamme van Yisra’el, sy

² Met die Messiaanse Ontwaking word bedoel die tradisionele Christengelowiges wat terugkeer tot vertroue in Yeshua as Messias en wat dan opgevolg word deur 'n geloofsluwe van Torah-gehoorsaamheid. Maar dit sluit ook almal in (Jood en nie-Jood) wat strewe om 'n voortsetting van die gemeente van Handelingte te wees.

bondgenote en Ek sal hulle by hom sit, by die stok van Y'udah en hulle een stok maak en hulle sal een word in My hand. ” Die stokke waarop jy skryf moet in jou hand, voor hulle oë, wees. Sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Let op, Ek sal die seuns van Yisra’el uithaal van tussen die nasies waarheen hulle gegaan het en Ek sal hulle van alle kante af bymekaarmaak en hulle in hul eie land bring en Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Yisra’el en een Koning sal vir hulle almal Koning wees en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en nie verder in twee koninkryke verdeeld wees nie. Hulle sal hulself nie meer onrein maak met hulle afgode of met hulle verwerplike dinge of met enige van hulle oortredinge nie, maar Ek sal hulle bevry uit al hulle blyplekke waarin hulle gesondig het en sal hulle reinig. Hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees. My Dienskneg Dawid sal Koning oor hulle wees, hulle sal almal een Herder hê en hulle sal in My wette loop en My instellings onderhou en hulle gehoorsaam. Hulle sal woon in die land wat Ek vir Ya’akov, My dienskneg, gegee het, waar julle vaders gewoon het en hulle sal daarin woon, hulle en hulle kinders en hulle kindskinders vir ewig en Dawid, My Dienskneg sal hulle Prins wees vir ewig. Ek sal ’n verbond van vrede met hulle sluit; dit sal ’n ewige verbond met hulle wees en Ek sal hulle vermenigvuldig en Ek sal My Afgesonderde Plek in hulle midde opstel vir ewig. My blyplek sal ook by hulle wees en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees en die nasies sal weet dat Ek יהוה is wat Yisra’el afsonder, wanneer My Afgesonderde Plek vir ewig in hulle midde sal wees. ”” Eseg. 37:15 tot 28 – PWL.

Die profeet Jesaja het ook in die verband geprofeteer en gesê:

Nou sê יהוה, wat My van die baarmoeder af gevorm het om Sy Dienskneg te wees, om Ya’akov na Hom toe terug te bring sodat Yisra’el by Hom versamel mag word; want Ek word geëer in die oë van יהוה en My God is My sterkte. Hy sê: “Dit is te gering dat U My Dienskneg sou wees om die stamme van Ya’akov op te tel en die wat bewaar is in Yisra’el te herstel. Ek sal U ook maak tot ’n Lig van die nasies sodat My verlossing tot aan die einde van die aarde kan reik. Jes. 49:5 en 6 – PWL.

Die verlange van die Vaderhart is om die hele Israel as ‘n eensgesinde koninklike priesterdom by Hom te versamel. Daarom het die Vader vir Yeshua eerstens na Sy volk Israel as Redder en Verlosser gestuur (Matt. 15:24), maar toe hulle Hom verwerp het, het die Vader dieselfde redding aan die nie-Jode (die onbesnedenes) voorgedra (Jes.49:6 – Israel is geroep om die lig vir die nasies te wees). In die verband het Yeshua aan die mense die gelykenis van die landbouers vertel soos dit opgeteken is in Matt. 21:33 tot 43. Die landbouers het nie net die diensknegte van die huisheer verwerp en doodgemaak nie, maar ook die huisheer se seun. Daarom het Yeshua vir hulle gesê:

Die koninkryk van God sal van julle weggeëem en aan ‘n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. Matt. 21:43.

Die nie-Jode (die onbesnedenes; *gentiles*) het geluister na die Evangelie van Redding (dit gehoor, geglo en gedoen), terwyl Israel doof en hardkoppig was!

Talle Christengelowiges kan beskou word as afstammeling van die ‘verlore’ stamme van Israel of as die wilde olyftak wat ingeënt is op die mak olyfboom. Daarom behels die uiteindelijke herstel en versoening van die twee huise, naamlik die huis van Juda en die huis van Josef (Efraim, Israel), ook die verlange in die hart van talle Christene om weer met die huis van Juda versoen te word. Die Messiaanse Ontwaking (*Hebrew Roots Movement*) kan gesien word as die begin van hierdie eenwording en herstel van die huis van Israel waar al

twalf stamme YHVH sal aanbid deur vertrou in Yeshua as Messias en deur Torah-gehoorsaamheid.

Die nageslag van Juda het uiteindelik die huis van Juda gevorm en wat vandag algemeen bekend staan as die Jode. Die nageslag van Josef het uiteindelik die huis van Efraim gevorm en word beskou as die tien ‘verlore’ stamme wat oor die aarde versprei het. Deur die eeue was daar egter wel ‘n minderheidsgroep van die huis van Efraim wat vasgehou het aan die God van hulle vaders Abraham, Isak en Jakob, asook in Torah geanker gebly het en sodoende hulle identiteit behou het. Maar die huis van Efraim kan ook gesien word as die tuiste van die Christendom. Die geskiedenis bewys dat die Christendom se oorsprong gevind kan word in die afvalliges van die huis van Efraim wat saam met nie-Jode (onbesnedenes, *gentiles*) met die Griekse kultuur en afgodery vermeng het. Daarom kan ons ook die volgende onderskeid tref tussen die huis van Juda en die huis van Efraim, naamlik: Juda het deur die eeue Torah as hulle identiteit behou, terwyl die huis van Efraim ‘n Griekse Yeshua, bekend as ‘Jesus’, as hulle identiteit behou het.

Nou lees ons in Gen. 44:14 die volgende:

Y'hudah en sy broers het in die huis van Yosef gekom en hy was nog daar en hulle het voor hom neergeval met hulle gesigte teen die grond (PWL).

Hierdie is profeties van die feit dat Juda uiteindelik na die huis van Efraim sal gaan en erken dat Yeshua die Messias is wat ‘n folterdood gesterf het en uit die dood opgewek was. In die opsig is die profetiese droom van Josef vervul (Gen. 37:5 tot 10).

MAAR ons moet egter ook beseft dat talle Jode voor ‘n valse leerstelling van ‘n ‘Jesus’ sal buig wat nie die ware Yeshua Messias van Torah is nie. Veral sekulêre Jode word makliker mislei deur Christene wat sogenaamd Messiaans word deur sekere Joodse gebruike aan te neem, maar steeds vashou aan Christenteologie!

Daarom is dit belangrik om te onthou dat Josef ‘n sinnebeeld van Yeshua is en nie van Jesus nie! Josef was ten spyte van sy aansien en status in Egipte steeds Torah getrou en, derhalwe, getrou aan Yeshua van Torah. Hy het wel anders in voorkoms gelyk tot die mate dat sy broers hom nie herken het nie! As deel van YHVH se uitverkore volk hoef ons nie almal eenders te lyk, maar ons moet in denke, woorde en dade gelykvormig wees aan Yeshua (

Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.
Rom. 8:29.

En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. Rom. 12:2.

Vergifnis en versoening tussen die twee huise van Israel volgens YHVH se standaard is alleenlik moontlik wanneer beide huise Yeshua as Messias bely en as geregverdigdes in eenheid volgens YHVH se Torah leef. En onthou: Eers nadat Juda hul skuld aan die verkoop van Josef bely het, het Josef aan hulle openbaar dat hy hulle broer is. So ook moet die huis van Juda eers bely dat hulle Yeshua verraai het alvorens hulle oë geopen sal word dat Hy hulle Messias is wat reeds as Messias ben Josef – die dienende en lydende Messias – na hulle toe gekom het!

Bepeins of Bespreek

1. So dikwels lees ons berigte van Jode wat tot bekering kom as gevolg van sekere Christengroepe se sendingaksies. Maak dit jou opgewonde of bekommerd? In die verband moet ons vra: Toe Paulus op die pad na Damaskus tot bekering gekom het, het hy sy 'Torahbaadjie' verruil vir 'n 'Christenbaadjie' of het hy steeds Torah onderhou? Is die Christendom nie steeds besig om 'n struikelblok in die pad van die Jode te plaas nie deur 'n 'Torahlose Jesus' te verkondig? Voorheen het Christene die Jode vervolgt en doodgemaak. Maar is die vals teologie wat die Christendom aan die Jode verkondig nie gelykstaande aan die wreedheid van vervolging wat tot geestelike dood lei nie?
2. Michael Rood skryf die volgende:

*The name Jesus **does not mean Zeus** or have anything to do with Zeus. It has just been adjusted to different languages.*

*What is important is to understand that **Yeshua himself is not the same as the Jesus we grew up thinking we knew.***

Yeshua taught the Torah and lived the Torah. That is who we follow.

*The **made-up character** of "Jesus," who did away with the Torah and started a new religion, is not the true Messiah.*

*Let's make sure that we are **obeying and understanding the right person**, not just the right pronunciation.*

3. Beide Rabbynse Judaïsme (die huis van Juda) en die Christendom (die huis van Efraim) moet bely dat hulle slegs 'n halwe waarheid verkondig. Die Jode verkondig Torah sonder Yeshua en die Christendom verkondig Yeshua (Jesus) sonder Torah! Beide huise moet ook bely dat hulle tot Torah toegevoeg het (soos wat Rabbynse Judaïsme wel doen) en van Torah weggeneem het (soos die Christendom wel doen). Beide groepe moet gesamenlik kan uitroep: *Baruch Haba beShem Yeshua HaMashiach!* Hoe meer ware gelowiges dit doen, hoe nader is die wederkoms!
4. Ons as deel van die Messiaanse Ontwaking moet vir beide Jood, Christen en die wêreldling die ware Yeshua van Torah bekendstel. Ons staan in die midde tussen Rabbynse Judaïsme en die Christendom. Ons moet soos Josef 'n versoeningsrol vervul tussen die twee groepe. Doen jy dit en hoe doen jy dit?

-0-0-0-0-0-0-

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.